21 Apr.

Uitgawe 2010/04/21

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Maar kyk, in hierdie stad is 'n man van God, en die man is geëerd: alles wat hy spreek, kom sekerlik uit. (**1 Sam.9:6**). In die gemeenskap waar jy bly, is jy bekend aan jou bure as 'n eerbare persoon? As ander persone, behalwe diegene wat jou by die kerk ken en weekliks by huise ontmoet, na jou lewe kyk, kan hulle sien dat jy 'n kind van God is? Maak jy gebruik van geleenthede om mense te bemoedig wanneer jy wel sulke geleenthede kry? ***Hemelse Vader, help ons asseblief om godvresend en eerbare mense te wees. Ons wil U eer in alles wat ons doen.***

Deurbraak : Jongmense

'n Nuwe generasie van gelowiges is besig om op te staan met genoeg ywer en passie vir die evangelie om die hele wêreld te verander. Ongelooflike tendense het pos gevat onder jong mans en vroue wie die krag van die evangelie sien en wat die opdrag gehoorsaam om die evangelie met elke mens te deel. Hierdie jongmense het 'n sensitiwiteit om geregtigheid te sien geskied. Hulle lê die volle evangelie voor: nie slegs evangelisasie nie – om mense aan Christus bekend te stel nie – maar ook om dissipels van nasies te maak en om die nasies onder die heerskappy van Christus te bring. 'n Ander dryfkrag onder die generasie is die afkeer in materialisme – 'n goeie eienskap wat ooreenstem met die evangelie en ook te danke aan die onlangse wêreldwye ekonomiese krisis. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/14128, 20/04/10). ***Prys die Here vir die ywer en passie onder die jongmense. Proklameer dat God hul aangestel het oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant.*** (**Jer.1:10**).

Bid vir jou gemeenskap : Persone met passie

Die Bybel woord vir passie is ywer. Sonder dit, kan die lewe maar saai wees. Alles is 'seker maar' en niks is 'wil' of 'moet' nie. Ywer hou jou aan die gang wanneer ander tou opgooi. Dit dra jou deur die moeilikste tye en gee jou die energie wat jy nie gedink het jy besit nie. Niks kan die plek van ywer inneem nie. Geleenthede byvoorbeeld, kan ook nie. Geleentheid mag die deur oopmaak, maar sonder ywer sal jy nie die meeste maak van elke geleentheid nie en jy sal nie by jou bestemming uitkom nie. (E-pos: word@radiokansel.co.za, 20/04/10). ***Bid vir mense in jou gemeenskap wat verval is in hul daaglikse roetine omdat hul dit 'seker maar' moet doen. Bid dat God Sy doel in harte sal aanwakker en dat Hy vir hulle 'n begeerte sal gee om hul doel na te streef.***

Suid-Afrika : Vulkaniese as kos miljoene

Die vlugverbod oor dele van Europa die afgelope vyf dae weens vulkaniese as het nie net internasionaal nie, maar ook plaaslik miljoene rande se skade berokken. Die Wes-Kaap se blombedryf, wat jaarliks R160 miljoen inbring en wat sy uitvoere meestal met lugvervoer versend, is in dié provinsie die swaarste getref. Uitvoerders verwag 'n verlies van R2,4 miljoen vir die week, maar die bedrag vermeerder elke dag wat hulle nie hul voorraad kan aflewer nie. (Webruimte: http://www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Ramp-tref-Kaap-20100419, 19/04/10). ***Bid vir elke persoon wat op 'n finansiële vlak geaffekteer word. Bid veral vir diegene wat gestrand is en nie die ekstra finansies het om vir hul daaglikse behoeftes te betaal nie. Bid ook vir die ekonomiese impak wat dit op Suid-Afrika het in hierdie tyd.***

Internasionaal : China Aardbewing

Op Woensdag, 14 April 2010 het 'n aardbewing met 'n omvang van 6.9 die Qinghai provinsie in China getref. Die dodetal is ongeveer 2 000 mense en byna 10 000 is beseer. Honderde is nog steeds vermis. Die area wat die hardste getref was deur die aardbewing was Yushu. Teen 13 000 voet bo seevlak, is Yushu omring met vriesende temperature en dun lug. Beide toestande bemoeilik reddingswerk. Die aardbewing het 'n onvermeldbare aantal huise verwoes, duisende is dood, en duisende meer is beseer, en het landverskuiwing veroorsaak wat krag en telefoonlyne verwoes het. In die dorp, Jiegu, was bykans 85% van die geboue verwoes, wat 'n aantal skole insluit. China is nommer 13 op die *Open Doors World Watch List 2010* vir die vervolgers van Christene. (E-pos: win@win1040.com, Webruimte: http://www.asialink.org.uk/?done=1, 16/04/10). ***Bid vir skuiling, skoon water, heilsame voedsel, komberse, jasse, skoene en medisyne en ander benodigdhede vir die oorlewendes van die aardbewing. Bid vir reddingswerkers om vinnig mense op te spoor en om mense te bevry wat onder rommel vasgekeer is. Bid vir vertroosting van diegene wat hul huise en geliefdes verloor het. Vra die Here om met diegene te wees wat Hy en dat Hy hulle sal herinner van Sy liefde.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com